

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 190/2005

In die saak tussen:-

RANDUM CHEMICALS BK

Eiser

en

PREMIER VAN DIE VRYSTAAT PROVINSIE

Verweerder

AANGEHOOR OP: 10 MEI 2012

UITSPRAAK DEUR: DAFFUE, R

GELEWER OP: 11 JUNIE 2012

INLEIDING

- [1] Eiser doen aansoek om die wysiging van sy besonderhede van vordering welke aansoek deur verweerder geopponeer word. Die wysiging het ten doel om te beweer dat alhoewel eiser sy boekskulde aan die Bank gesedeer het in *securitatem indebiti* as teenprestasie vir bankfasiliteite deur die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (“die Bank”) aan dit toegestaan, dit steeds *locus standi* het om as skuldeiser in die onderhawige geding op te tree. Verweerder het op verskeie gronde beswaar aangeteken teen die voorgenome

wysiging en het met daardie besware volhard in argument. Ek handel hierinlater volledig met die omvang van die voorgenome wysiging en die aard van die besware.

AGTERGROND

- [2] Eiser het reeds so lank gelede as 20 Februarie 2004 aksie teen verweerder ingestel onder saaknr. 621/2004 en is vonnis ten gunste van eiser verleen op 1 April 2004. Daarvolgens is onder andere verloff aan eiser verleen om die Hof te nader, op dieselfde stukke, behoorlik aangevul, vir 'n bevel tot betaling, na bewys daarvan, van reeds gelede skade. Hierna en wel op 21 Januarie 2005 is aksie teen verweerder ingestel waarin eiser skadevergoeding vorder in die bedrag van R57 324 381.02, alternatiewelik R46 490 000.00 tesame met rente en koste. Die aksie word verdedig,
- [3] Op 1 April 2005 is 'n verweerskrif geliasseer. Daarna is gewysigde verweerskrifte geliasseer, die laaste waarvan op 1 Julie 2009. Eers met die laaste wysiging is 'n spesiale pleit ingevoeg ingevolge waarvan eiser se gebrek aan *locus standi* vir die eerste keer geopper is.

- [4] Die verstekvonnis in saaknr 621/2004 is soos ek meegedeel is eers op 30 April 2009, vyf jaar nadat vonnis toegestaan is, tersyde gestel.
- [5] Die saak is op 'n stadium ter rolle geplaas vir verhoor vanaf 5 Mei 2009 tot en met 29 Mei 2009, maar is op 5 Mei 2009 *sine die* uitgestel by ooreenkoms.
- [6] Twee en 'n half jaar na die laaste wysiging van verweerder se verweerskrif en wel op 31 Januarie 2012 het eiser kennis gegee van voorneme om die besonderhede van vordering te wysig. Na liassering van 'n kennisgewing van beswaar het eiser voortgegaan om formeel aansoek te doen om wysiging ooreenkomstig Hofreël 28(4) welke aansoek by ooreenkoms tussen die partye uitgestel is om op 10 Mei 2012 geargumenteer te word.

RELEVANTE BEWERINGS IN DIE PLEITSTUKKE SOOS OP

DATUM

- [7] Dit is eiser se saak dat sy tender om sekere chemiese skoonmaakmiddels aan en namens verweerder te verskaf op 28 Desember 2000 aanvaar is ingevolge waarvan eiser vir 'n periode van vyf jaar, dit wil sê tot en met 27 Desember 2005,

die alleenreg bekom het om die middels op bestelling van alle Provinsiale Departemente en goedgekeurde instellings te lewer. Dit is voorts eiser se saak dat verweerder kontrakbreuk gepleeg het deurdat die betrokke Provinsiale Departemente en ander goedgekeurde instellings teenstrydig met die kontrak nie die middels uitsluitlik by eiser bestel en aangekoop het nie. Bygevolg eis eiser sy beweerde reeds gelede skade in die bedrag van R57 324 381.02, alternatiewelik R46 490 000.00.

- [8] In sy mees onlangs gewysigde verweerskrif wat op 1 Julie 2009 geliasseer is steun verweerder afgesien van 'n pleit op die meriete ook op twee spesiale pleite. Die tweede spesiale pleit is relevant tot hierdie verrigtinge. In terme daarvan het eiser dit ontdaan van die reg om aksie teen verweerder in te stel kragtens 'n skriftelike sessie-ooreenkoms gedateer 26 Maart 2001 ingevolge waarvan eiser al sy reg, aanspraak en belang op en in alle boek- en ander bestaande en toekomstige skulde en eise van watter aard ook al wat aan eiser verskuldig is of word en op alle regte van aksie wat daaruit voortspruit, aan en ten gunste van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk gesedeer het.

[9] In die voorgename wysiging steun eiser op dieselfde sessie-ooreenkoms aangeheg tot verweerder se gewysigde verweerskrif, maar versoek dat die besonderhede van vordering gewysig word om die volgende te vervat:

9.1 dat op 'n behoorlike interpretasie van die sessie dit slegs betrekking het op daardie debiteure wie se name van tyd tot tyd op eiser se lys van debiteure verskyn en waarvan verweerder nie een is nie en boekskulde wat by die eiser ontstaan het weens die lewering van goedere en dienste deur eiser in die gewone loop van sake aan gewone handelsdebiteure aan wie eiser krediet verleen het, bedrae deur eiser op klante se rekening gedebiteer en bedrae in eiser se rekeningboek gereflekteer as aan eiser verskuldig en betaalbaar te wees en sluit dit nie die vorderingsreg teen verweerder in nie, aangesien dit 'n vorderingsreg is wat aan eiser as 'n afsonderlike regspersoon persoonlik kleef. Daar word daarop gesteun dat verweerder nie in die bogenoemde sin 'n handelsdebiteur van eiser is nie en vorder eiser nie debiete van verweerder nie, maar skade weens

kontrakbreuk.

- 9.2 In die alternatief tot voormelde steun eiser daarop dat dit nie die bedoeling van eiser en die Bank was om eiser se vorderings vir skadevergoeding gely weens kontrakbreuk aan die Bank as sessionaris te seeder nie en is die eis teen verweerder uitgesluit van die sessie.
- 9.3 In die verdere alternatief steun eiser daarop dat indien die betrokke vorderingsreg wel aan die Bank gesedeer is, die Bank uitdruklik, alternatiewelik stilswyend toegestem dat eiser die betrokke aksie teen verweerder mag instel.
- 9.4 In 'n verdere alternatief steun eiser daarop dat die Bank as sessionaris die reg om in terme van die sessie aksie vir die verhaal van skadevergoeding in te stel, gekanselleer het en/of sodanige reg uitdruklik of stilswyend geabandoneer en/of daarvan afstand gedoen het.

[10] Verweerder opper die volgende gronde van beswaar:

- 10.1 Die bewerings vervat in die voorgenome wysiging is botsend en teenstrydig met die sessie-ooreenkoms en

is die regsbronklusies waartoe eiser kom, foutief.

10.2 Die sessie-ooreenkoms is reeds in 2001 aangegaan en die aksie ingestel in 2005 sonder vermelding van die sessie en die beweerde bedoeling van die partye daartoe, terwyl die huidige bewerings eers in 2012 gemaak word. Verweerder steun dus daarop dat die bewerings so ver van die werklikheid verwyder is dat dit nie bewysbaar is nie en daarom eksipieërbaar is.

10.3 Voorts word daarop gesteun dat die sessionaris eers gevoeg moet word tot die huidige verrigtinge en die sessie-ooreenkoms weens die botsende bewerings eers gerektifiseer word voordat eiser se bewerings oorweeg of regsgevolge daaraan gegee kan word.

10.4 Dit word ook daarop gesteun dat die nuwe bewerings strydig met die skriftelike sessie-ooreenkoms is en dat geen getuienis daaromtrent gelei kan word sonder rektifikasie daarvan nie en is die voorgenome wysiging bygevolg eksipieërbaar.

10.5 Dit is voorts verweerder se saak dat die huidige eis na bewering ontstaan het voor 2005 en dat die beweerde toestemming regtens onhoudbaar is omdat die Bank se eis reeds voor die datum waarop sodanige

toestemming en/of magtiging verleen is, verjaar het.

10.6 Dit is ook verweerder se saak dat eiser op datum van instel van die aksie oor geen *locus standi* beskik het nie en kon die probleem ook nie *ex post facto* met die beweerde toestemming ondervang word nie.

10.7 Verweerder het ook ander besware geopper met betrekking tot die vaagheid van die bewerings ten aansien van wie sogenaamde toestemming of magtiging namens die Bank sou gegee het, of sodanige persone daartoe gemagtig was, ensovoorts.

REGSBEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE WYSIGING VAN PLEITSTUKKE

[11] Vertraging met die loods van 'n aansoek om wysiging is nie op sigself voldoende rede om die wysiging te weier nie. Tog is dit so dat daar normaalweg vereis word dat die vertraging onder eed verduidelik word. In **OBLowitz Bros v Guardian Insurance Co Ltd** 1924 CPD 64 is 'n aansoek om 'n verweerskrif te wysig 18 maande nadat dit geliasseer is en sonder enige verduideliking vir die vertraging geweier. Indien die party wat die wysiging aanvra nie *mala fide* is nie en die ander party nie deur die voorgenome

wysiging benadeel sal word nie, behoort die laat aansoek op sigself nie te veroorsaak dat die aansoek geweier word nie.

Vergelyk **FIAT SA (PTY) LTD v BILL TROSKIE MOTORS**

1985 (1) SA 355 (O) te 357E. Dit moet vermeld word dat die vertraging in hierdie geval twee en 'n half jaar is, maar dat verweerder skynbaar ook voete gesleep het deurdat die vonnis wat ten gunste van eiser verleen is op 1 April 2004, eers vyf jaar daarna tersyde gestel is. Verweerder se nuutste wysiging van sy verweerskrif is ook jare na liassering van die oorspronklike verweerskrif aangebring. Daar is ook nie gewag gemaak daarvan dat verweerder enigsins benadeel is vanweë die vertraging met die bring van hierdie aansoek nie.

- [12] Die Hoogste Hof van Appèl het beslis dat die volgende oorwegings van toepassing is wanneer 'n party op 'n laat stadium van die verrigtinge 'n wysiging aanvra. Die aanhaling kom uit die kopstuk, synde 'n geparafraseerde weergawe van paragrawe [36], [34], [43] en [42]:

“The first matter which the applicant has to prove is that he did not delay his application after he became aware of the evidentiary material upon which he proposes to rely.

Furthermore he must explain the reason for the amendment and show *prima facie* that he has something deserving of consideration, a triable issue. A triable issue is (a) a dispute which, if it is proved on the basis of the evidence foreshadowed by the applicant in his application, will be viable or relevant, or (b) a dispute which will probably be established by the evidence thus foreshadowed. Although, in the case of a timeous and less disruptive application, it will often not be appropriate to require the applicant to indicate how he proposes to establish his amended case, an applicant's prospects of succeeding with his new cause will properly be an element in the exercise of the Court's discretion where the application is moved at an advanced stage of the proceedings. The greater the disruption caused by an amendment, the greater the indulgence sought and, accordingly, the burden upon the applicant to convince the Court to accommodate him."

CIBA-GEIGY (PTY) LTD v LUSHOF FARMS (PTY) LTD EN

'N ANDER 2002 (2) SA 447 (SCA) te 450A - C.

- [13] Verweerder het nóg in die kennisgewing van beswaar, nóg in antwoord op eiser se formele aansoek om wysiging en ook nie in die skriftelike betoogshoofde of in argument voor my 'n punt daarvan gemaak dat die wysiging so laat gebring word

sonder enige behoorlike verduideliking dat dit summier op grond daarvan van die hand gewys behoort te word nie. Indien hierdie aspek behoorlik geventileer en ook gemotiveer is deur verweerder, sou ek ernstige oorweging daaraan geskenk het om die aansoek summier op daardie basis van die hand te wys. Dit is egter so dat die moderne tendens is om 'n wysiging toe te staan indien dit sal veroorsaak dat 'n behoorlike ventilasie van alle dispute tussen die partye plaasvind. Dit is voorts ook so dat artikel 34 van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het dat 'n geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word, in 'n billike openbare verhoor beslis word. Die Hof het 'n wye diskresie om wysigings toe te staan. Vergelyk THEKWENI PROPERTIES (PTY) LTD v PICARDI HOTELS LTD (AND OTHERS AS THIRD PARTIES) 2008 (2) SA 156 (D & K) te para [9].

- [14] Dit moet ook in ag geneem word dat 'n aansoek soos die onderhawige nie bestem of bedoel is om feitedispute tussen die partye te besleg nie. Soos vermeld in CIBA-GEIGY, *loc cit*, moet die applikant om wysiging slegs *prima facie* kan aantoon dat 'n "triable issue" voorhande vir beslegting is.

DIE SESSIE-OOREENKOMS EN DIE REGSBEGINSELS

DAAROMTRENT

[15] Die Sessie ten gunste van die Bank onder die opskrif “Sessie van Boekskulde ten gunste van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk”, kortliks geparafraseer, bepaal dat as teenprestasie vir bankfasiliteite toegestaan deur die Bank, eiser al sy reg, aanspraak en belang op en in alle boek- en ander bestaande en toekomstige skulde en eise van watter aard ook al wat aan eiser verskuldig is of word en op alle regte van aksie wat daaruit voortspruit aan en ten gunste van die Bank verpand, sedeer, afstaan en oordra as ‘n voortdurende dekkingsekuriteit ten opsigte van alle bedrae geld wat op daardie stadium of in die toekoms aan die Bank geskuld is of verskuldig sou raak. Die sekuriteit wat deur die betrokke sessie verskaf word, vervang of benadeel nie enige ander sekuriteit wat die Bank op daardie stadium of in die toekoms mag hou nie en is aanvullend daartoe. Eiser onderneem om die Bank te voorsien van ‘n staat waarin die totale bedrag van die gesedeerde skuld asook die name en adresse van die debiteure en die bedrag wat deur elke debiteur verskuldig is aan die Bank te verstrek. Die Bank mag te alle tye self of deur middel van sy genomineerdes of agente alle bedrae wat aan eiser betaalbaar is of word invorder. Indien enige skuld deur eiser ingevorder word, sal dit onmiddellik aan die Bank oorbetaal word. Eiser onderneem dat dit, totdat kennis tot die teendeel deur die Bank gegee word, as die Bank se agent sal optree vir die invordering van alle gelde wat aan eiser betaalbaar is of mag word. Alle sodanige gelde wat aan die Bank

betaal sal word en indien die Bank dit vereis, sal gedeponeer word in 'n spesiale rekening in die Bank se naam oor welke rekening die Bank alleen beheer het.

[16] Verweerder se regspan het in hul betoogshoofde in detail ingegaan op die regsposisie met betrekking tot sessie en tot die gevolgtrekking gekom dat die bewoording van die onderhawige sessie-ooreenkoms sodanig is dat dit niks anders as 'n uit-en-uit sessie is nie. In sy mondelinge betoog het Mnr. Viljoen egter sonder enige omhaal van woorde toegegee dat dit nie korrek kan wees nie en dat 'n sessie *in securitatem debiti* voorhande is.

[17] Mnr. Danzfuss het namens eiser aangevoer dat die bewoording van die onderhawige sessie-ooreenkoms identies is met die sessies in **MARIGOLD ICE CREAM CO (PTY) LTD v NATIONAL CO-OPERATIVE DAIRIES LTD** 1997 (2) SA 671 (W) en **COOPERS & LYBRAND AND OTHERS v BRYANT** 1995 (3) SA 761 (A). In **COOPERS & LYBRAND**, *loc cit*, het die eiser, Bryant, twee aparte bankrekenings by die Standard Bank gehad, 'n persoonlike rekening sowel as 'n besigheidsrekening, op welke

laasgenoemde rekening hy oortrekkingsfasiliteite gehad het en op grond waarvan 'n sessie van debiteure ten gunste van die bank verskaf is. Die Appèlhof het bevind dat, op 'n behoorlike interpretasie van die sessie-ooreenkoms, Mnr. Bryant en die bank nooit bedoel het om sy eise van 'n persoonlike aard wat niks met sy besigheid te doen het, aan die bank te seeder nie. Die hof het egter verder gegaan en soos volg bevind te 768J:

“From the nature and purpose of the said cession, including its context as a whole, the intention of the parties was that it was intended to relate to business debts including claims other than book debts.” (my beklemtoning)

Die saak is onderskeibaar van die onderhawige geding deurdat die Appèlhof bevind het dat Mnr. Bryant se persoonlike eis onverwant is aan sy handelsdebiteure en nie onderhewig aan die sessie was nie. Anders as wat Mnr. Danzfuss geargumenteer het ondersteun die saak hom nie betreffende die interpretasie van die sessie-ooreenkoms met betrekking tot ander eise, afgesien van boekskulde.

In **MARIGOLD**, *loc cit*, moes 'n spesiale pleit soortgelyk aan die een wat deur verweerder in hierdie saak geopper is, besleg word. Die saak was op verhoor en verskeie getuies het namens Standard Bank getuig met betrekking tot die bedoeling van die Bank in soverre dit die sessie-ooreenkoms betref. Die getuies was dit eens en het die hof ook bevind dat die Bank nooit bedoel het om sessie te neem van eise anders dan boekskulde nie en het die hof soos volg gekonkludeer te 677G:

“The evidence of the background to and circumstances of the cession and of the conduct of the plaintiff and the bank in relation to it would, I consider, have been sufficient to dispose of the defendant's special defence. The Vereeniging agreement and the recession effected by it places the plaintiff's case beyond attack on the issue of its *locus standi*.”

- [18] Met verwysing na 'n artikel van Belinda van Heerden waarin sy argumenteer dat met die uitsluiting van moontlike gevolge soos verjaring en nadeel, daar geen rede bestaan waarom substitusie van 'n sessionaris gelas kan word voor *litis contestatio* nie, het die Hof voortgegaan en die volgende aan die hand gedoen te 678H:

“The case dealt with by Van Heerden and in most of the decisions to which she refers is one where the cedent's incorrect procedure in suing in its own name when the right of action vests in the cessionary is remedied by substituting the cessionary as the correct plaintiff. There can be no difference in principle where the plaintiff remains the same and the cessionary of first instance, by revesting the right of action in the plaintiff, steps out of the picture.”

Die Hof gaan dan ook voort en verwys na die ongerapporteerde uitspraak van Howie, R (soos hy toe was) in **SIMONSIG LANDGOED AND COASTAL WINES (PTY) LTD v THERON, VAN DER POEL, BRINK EN ROOS** (KPA 26 Augustus 1991). Die geleerde regter (Howie, R) het opgemerk in laasgenoemde saak dat alhoewel die sessiedokumente verwys na “skuld en boekskulde en alle en enige gelde en bedrae”, dit duidelik uit ander dokumente was dat eiser se regsverteenwoordigers en die bank self op heelwat geleenthede na ‘n sessie van boekskulde verwys het en dat dit hulle bedoeling was dat slegs boekskulde gesedeer sou word. Die Hof het ook aanvaar dat dit sekerlik nie gewone handelspraktyk is dat ‘n skuldenaar ‘n

toekomstige eis gegrond op professionele nalatigheid waarvan niemand ten tye van die sessie weet, aan sy bank as sekerheidstelling sou sedeer nie. Toe die betrokke sessie verkry is, was die eisers nie eers bewus van die bestaan van die vorderingsregte wat tydens die verhoor ter sprake geword het nie. Die Hof het afgesluit deur te bevind dat op die veronderstelling dat eisers die beweerde kansellasië of herroeping van die sessie sal kan bewys, dit slegs eisers en niemand anders nie kan wees wat hierdie vorderingsregte kan afdwing. Vergelyk die aanhaling in **MARIGOLD**, *loc cit*, te 679B – 680B.

- [19] Soos reeds vermeld het Mnr. Viljoen toegegee dat die sessie voorhande nie 'n uit-en-uit sessie is nie en bygevolg is dit onnodig om die sake waarop gesteun is in die betoogshoofde en wat uitsluitlik op uit-en-uit sessies van toepassing is, te oorweeg. Anders as met 'n uit-en-uit sessie is daar nie enige twyfel nie dat 'n eis wat gesedeer is *in securitatem debiti* outomaties terugval na die sedent sodra die versekerde skuld uitgewis is en is dit onnodig om 'n sogenaamde terugsessie te bewerkstellig. Vergelyk **NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD v COHEN'S**

TRUSTEE 1911 AD 235 te 246 en 247 en **GROBLER v OOSTHUIZEN** 2009 (5) SA 500 (HHA) te para [20] 509B – E.

- [20] Dit is nie nodig om nou 'n finale uitspraak hieroor te gee nie maar dit wil voorkom asof eiser met inagneming van die bewoording van die sessie-ooreenkoms in elk geval self aksie sou kon instel totdat die sessionaris tot die teendeel kennis gee. Vergelyk **THEKWENI PROPERTIES (PTY) LTD v PICARDI HOTELS LTD**, *loc cit*, te paras [33] – [37] 163B – G. Klaarblyklik kan so 'n optrede geregverdig word deurdat dit ondenkbaar en onwaarskynlik is dat die partye ooit bedoel het dat die bank telkens in die gewone loop van sake sy prokureurs opdrag moet gee om elke debiteur se skuld in te vorder. So interpretasie sal besigheidswerksaamheid (“business efficacy”) inhou.

- [22] In soverre die verweerder sterk steun op die toepaslikheid van die *parol evidence* reël moet dit kortliks hanteer word. Mnr. Viljoen het benadruk dat sodra 'n ooreenkoms in skrif beliggaam is, enige bewering daarmee teenstrydig regtens irrelevant is om die bedoeling of die terme van die

ooreenkoms te beweer. In die afwesigheid van onduidelikheid of dubbelsinnigheid van die gekose woorde, is die primêre uitlegreël van toepassing en moet aan die normale betekenis van die woorde gevolg gegee word. Mnr. Viljoen is heeltemal korrek wat die erkende en gevestigde regsbeginsels betref, maar ek stem nie met hom saam nie insoverre hy daarop aanspraak maak dat verweerder dit daarop kan beroep *in casu* omdat verweerder immers nie 'n party tot die sessie-ooreenkoms is nie. Vergelyk die uitspraak van Lewis, wnd AR (soos sy toe was) in **AUSSENKEHR FARMS (PTY) LTD v TRIO TRANSPORT CC** 2002 (4) SA 483 (HHA) te 493G – J:

“[25] Where the parties dispute the meaning of a term then a court must necessarily look to the wording of the provision itself to determine its correct construction. But where they agree on its meaning, even though the provision appears objectively to reflect a different understanding, it would be absurd to insist on binding them to a term upon which neither agrees only because of a third party's insistence on reliance on the apparent meaning of the provision.

[26] Accordingly, in my view, it should not be open to the

defendant to contend that, although the parties intended the cession to constitute security only for the overdraft, it covered also all other debts owed or that might in future be owed to the bank. And similarly, where the parties have agreed that the cession will be extinguished when the overdraft ceases to exist, it should not be open to the defendant to argue that the re-cession must be in writing in order for it to take effect.”

NIE-VOEGING VAN DIE SESSIONARIS

[23] Die verweerder steun daarop dat die Bank nie gevoeg is nie en dat die aansoek vanweë wanvoeging van die hand gewys behoort te word. Uit die aard van die saak is moontlike nie-voeging, in teenstelling met wanvoeging, van toepassing. Na my oordeel is die nie-voeging van die sessionaris nie fataal vir hierdie aansoek nie. Indien die aansoek toegestaan sou word, sal verweerder steeds die volste reg hê om sy verweerskrif ooreenkomstig die bepalings van hofreël 28(8) te wysig deur onder andere nie-voeging te pleit. Ek het kennis geneem dat die aansoekstukke aan die Bank afgelewer is en dat dit eiser se bedoeling is om personeel van die Bank as getuies te roep tydens die verhoor van die saak. Indien die wysiging toegestaan sou word, word geen

regte van die Bank daardeur geaffekteer nie. Dit het nie die effek dat die Bank ontdaan word van sy vorderingsregte wat dit duidelik en ondubbelsinnig in terme van die sessie-ooreenkoms ontvang het nie. Geen finale bevel met betrekking tot die dispute tussen die partye word gemaak nie en moet die partye op verhoor gaan sodat die verhoorhof uitspraak kan lewer na aanhoor van al die getuienis en argumente.

EKSIPIEërBAARHEID VAN DIE BESONDERHEDE VAN VORDERING IN GEWYSIGDE VORM

[24] Ek meen dat eiser gelyk gegee moet word dat ek nie die voorgenome wysiging oorkrities moet bejeen nie en is dit ook nie nodig om op hierdie stadium geloofwaardigheidsvraagstukke wat deur verweerder geopper word te oorweeg nie. Die pleitstukke is bloot daar om die geskilpunte tussen die partye te bepaal en sal hulle volle geleentheid kry om tydens die verhoor van die saak getuienis aan te bied aangaande die geskilpunte en wel binne die raamwerk soos omlyn deur die pleitstukke. Vergelyk die toets van toepassing by eksepsies in **SOUTH AFRICAN NATIONAL PARKS v RAS** [2001] 4 ALL SA 380

(K) te 385h – 386e.

VERJARING VAN DIE EIS

[25] Met inagneming van die interpretasie wat eiser plaas op die sessie-ooreenkoms, wat nie summier afgemaak kan word as regtens onhoudbaar nie, is ek van oordeel dat die aanspraak op verjaring nie in die weg staan van die voorgenome wysiging nie. Ek beklemtoon weer eens dat eiser slegs 'n *prima facie* saak moet uitmaak dat die dispuut verhoorbaar of “triable” is. Verjaring kan in elk geval spesiaal gepleit word deur verweerder, indien so geadviseer, en dit sal dan die verhoorhof se taak wees om dit te besleg.

GEVOLGTREKKING EN KOSTE

[26] Ek is bygevolg van oordeel dat eiser 'n behoorlike saak uitgemaak het en dat verlof verleen behoort te word om die besonderhede van vordering te wysig soos versoek. Die enigste uitstaande kwessie is die koste van die aansoek. Ek aanvaar dat die geding omvangryk is en dat baie op die spel is vir beide partye. Die eis beloop etlike miljoene rande. Ek het my bedenkinge of dit werklik nodig was dat twee advokate betrek word aan beide kante om 'n interlokutore

aansoek te hanteer. Twee senior advokate verteenwoordig verweerder. Ek sou dit ernstig oorweeg het in die uitoefening van my diskresie om slegs die koste van een advokaat toe te laat, maar is deur beide Mnre. Danzfuss en Viljoen daarop gewys dat hulle nie 'n probleem het dat die koste van twee advokate toegelaat word nie. Mnr. Danzfuss het geargumenteer dat die opponering onredelik was en dat die aansoek met koste toegestaan behoort te word. Mnr. Viljoen het aan die hand gedoen dat die aansoek met koste afgewys behoort te word, maar indien ek sou besluit om die wysiging toe te staan, eiser gelas behoort te word om die koste van opponering te betaal omdat nie bevind kan word dat dit sonder goeie rede was nie. Eiser verlang 'n vergunning. Die algemene reël is dat die party wat die vergunning vra aanspreeklik is vir die koste veroorsaak deur die aansoek. Daarvan kan afgewyk word as die opposisie onredelik is. Ek het reeds daarop gewys dat eiser onnodig lank gewag het om die wysiging aan te vra en in die proses voete gesleep het. Ek is ook nie oortuig dat verweerder onredelik was deur die aansoek te opponeer nie. Eiser se wysiging het tot inhoud 'n aanspraak dat die sessie-ooreenkoms anders geïnterpreteer moet word as wat uit die

bewoording daarvan blyk vir redes aangevoer en voorts word daar op bewerings gesteun wat grens daaraan om as vaag en verwarrend en selfs eksepieërbaar beskou te word. Onder die omstandighede is ek van oordeel dat die opponering redelik was en behoort eiser die koste daarvan te dra.

BEVEL

[27] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Verlof word aan eiser verleen om sy besonderhede van vordering binne 10 dae vanaf datum hiervan te wysig ooreenkomstig die kennisgewing van wysiging wat op 31 Januarie 2012 geliasseer is;
2. Eiser word gelas om die verweerder se koste verbonde aan die opponering van die aansoek te betaal, insluitende die koste van twee advokate.

J.P. DAFFUE, R

Namens die eiser:

Adv. F.W.A. Danzfuss SC

Bygestaan deur:
Adv. J.G. Gilliland
In opdrag van:
Vermaak & Dennis
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder:

Adv. H.P. Viljoen SC
Bygestaan deur:
Adv. J.Y. Claasen SC
In opdrag van:
Staatsprokureur
BLOEMFONTEIN

/sp